



DIE INDIREKTE KOSTE VERHALINGKOERS (IKVK) OP DERDE-GELDSTROOMINKOMSTE: VOORLOPIGE INLIGTING AAN FAKULTEITE

AGTERGROND

Die Universiteit van Stellenbosch (US) gee erkenning aan die feit dat derdegeldstroominkomste 'n geweldige groot bydrae lewer tot die US se kernbesigheid van navorsing, leer en onderrig, en gemeenskapsinteraksie. Hierdie inligtingstuk neem as uitgangspunt die **beskerming en bevordering** van die derdegeldstroominkomste aan die US. Die koste verbonde aan projekte wat uit eksterne bronne befonds word sluit egter 'n bepaalde indirekte kostekomponent in, wat sover moontlik verhaal moet word om die US se finansiële volhoubaarheid in geheel te beskerm. Die nasionale Intellektuele Eiendom (IE) wetgewing vereis verder sedert 2010 dat instansies wat publieke befonding ontvang volkoste verhaal op kontraknavorsing onder bepaalde omstandighede. Omdat hierdie vereiste, tesame met die kwessie van finansiële volhoubaarheid, die hele hoër onderwyssektor raak, is daar in 2011 en 2012 samewerkend deur Suid-Afrikaanse, publieke universiteite op 'n spesifieke benadering besluit om indirekte koste wat verband hou met derdegeldstroominkomste te bereken.

Die RBS het gevolglik teen einde 2012 'n konsultasiespan aangewys (bestaande uit verteenwoordigers van Finansies, ANO, InnovUS en 'n aantal Vise-dekane: Navorsing) wat die berekenings-metode vir die indirekte kosteverhalingskoers (IKVK) op derdegeldstroominkomste in diepte ondersoek het, en onlangs 'n finale voorstel vir die toepassing van hierdie nuwe benadering aan die US voorberei het.

RASIONAAL AGTER DIE IKVK BEREKENING

Die doel van die IKVK berekening is om die indirekte koste wat verband hou met derdegeldstroom-aktiwiteite (insluitend navorsing, kortkursusse, ens.) te kan verhaal vanaf die eksterne kliënt of befondser. Die berekening van die IKVK bestaan basies uit twee dele naamlik:

1. 'n Bepaling van die proporsie van die US se steunkostes wat verband hou met derdegeldstroom-aktiwiteite.
2. Die uitdruk van hierdie steunkostes (wat verband hou met derdegeldstroom-aktiwiteite) as 'n persentasie van die totale derdegeldstroom uitgawes van die US.

Die IKVK is gebaseer op die "Higher Education South Africa" (HESA) benadering, maar neem ook die unieke omgewing van die US in ag. Die US bereken dus voortaan die IKVK op 'n meer akkurate en genuanseerde wyse as in die verlede, gebaseer op werklike inligting vanuit sy finansiële state. Daarom sal die IKVK op 'n meer gereelde basis aangepas word om die werklike indirekte koste verwant aan derdegeldstroominkomste te reflekteer. Die IKVK sluit dan ook voortaan die spasio- en infrastruktuurkoste verwant aan derdegeldstroominkomste in, wat nie voorheen die geval was nie.

WAT IS DIE IKVK?

Die nuwe IKVK (wat vergelyk kan word met die huidige 12% toeslag) beloop **17%**. Dit beteken dat 17% vanaf die faktuurbedrag verhaal sal word om die indirekte kostes wat verband hou met die projek te verhaal. Dit beteken dat **21%** op die direkte koste bereken en by die direkte koste van die begroting gevoeg moet word.

Dit is belangrik dat personeel korrek begroot vir die indirekte kosteverhaling, sodat hul voldoende fondse beskikbaar het om hul projek/kursus te kan uitvoer. 'n voorbeeld van die IKVK bereken op inkomste sowel as direkte kostes is as volg:

Begroting	
Direkte koste van begroting (wat in kostepunt moet wees om werk te kan doen)	R 83
Indirekte koste (wat die US d.m.v. die IKVK gaan verhaal)	R 17
Totale koste (veronderstel dat dit die bedrag is wat die befondser gaan betaal)	R100
IKVK op inkomste (in die voorbeeld is die inkomste = totale koste): 17/100	17%
IKVK op direkte koste: 17/83	21%

WAARUIT BESTAAN DIE IKVK?

1. Steun- en institusionele uitgawes wat deur die eerste- en tweede geldstroominkomste befonds (Hoofbegroting) word. Dit sluit onder andere die volgende kostes in: Menslike Hulpbrondienste, Oorhoofse Finansiële dienste, Informasietegnologie- en kommunikasie dienste, Regsdienste, Kommunikasie en Skakelingsdienste, Biblioteekdienste, Navorsingondersteuning, Versekering (o.a. aanspreeklikheid, bates, transito, maar uitgesluit geboue-versekering), en ondersteuning ten opsigte van die kommersialisering van IE.
2. Die kostes wat deel vorm van die IKVK, maar wat reeds deur die fakulteite / verantwoordelikhedsentrums gedra word en wat vanaf die kliënt/befondser verhaal moet word. Die kostes sluit onder andere die volgende kostes in: Fasiliteitsbestuurs- en beplanningsdienste, Instandhouding van geboue, Sekuriteitsdienste, Versekering van geboue, en koste van munisipale dienste (bv. Water, elektrisiteit, eindomsbelasting).
3. Die steunkostes van die Vise-Rektor (Navorsing en Innovasie) wat deel vorm van die IKVK en wat direk tot bevordering van die derdegeldstroominkomste investeer.

BEGINSELS

1. Die IKVK is van toepassing op alle derdegeldstroominkomste wat onder andere die volgende insluit: navorsing-en navorsingverwante kontrakte, diverse navorsing, konsultasiedienste, borgskappe, alle ander verkope van produkte en dienste (kortkursusse en konferensies ingesluit).
2. Volkoste berekenings moet voortaan vir alle derdegeldstroom-aktiwiteite se begrotings gedoen word, al word daar 'n alternatiewe prys bepaal. Dit is belangrik vir die volhoubaarheid van die US, maar ook 'n meganisme om vir die kliënt/befondser te wys wat die werklike koste van die projek beloop.
3. Kontraknavorsing wat geen of 'n gebrekkige akademiese uitset lewer mag swaarder belas word d.m.v. 'n addisionele 5% fakulteitsheffing (op 'n glyskaal, op diskresie van die dekaan) om sodoende kontraknavorsing wat goeie akademiese uitsette lewer aan te moedig.
4. In uitsonderlike gevalle waar die volle IKVK nie vanaf die kliënt/befondser verhaal kan word nie (volgens die befondser se amptelike beleid) moet formeel aansoek gedoen word vir 'n vermindering/vrystelling van die IKVK. Die goedkeuringsproses sal in die nuwe IKVK beleid uiteengesit word.

HULPMIDDELS

- 'n Gebruikersvriendelike volkoste templaar sal beskikbaar wees om personeel te help met die opstel van volkoste begrotings.
- Aanbiedings rakende die IKVK sal by alle fakulteite gehou word. 'n Publieke forum sal ook op 21 en 23 Mei 2013 tussen 1h en 2h in die Biblioteek se Ouditorium gehou word. Personeel vanuit die betrokke omgewings wat betrokke is by die IKVK voorstel (ANO, Finansies, InnovUS en die fakulteite) sal hier teenwoordig wees om enige vrae te beantwoord in die verband.